VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# (1) Wat doen voornaamwoorde?

’n Sin kan in verskeie groepe woorde wat saam hoort, verdeel word. Ons verwys ook na "frases" of "sinstukke" (= stukke van ’n sin).

Neem die sin *Die vrolike man sing kliphard* as ’n voorbeeld. Dié sin kan soos volg in frases (sinstukke), verdeel word:

- *[Die vrolike man] [sing kliphard].*

waarvan die frase (sinstuk) *sing kliphard* nog verder verdeel kan word as

- *{sing}*; en
- *{kliphard}.*

Kom ons kyk nou spesifiek na die frase (sinstuk) *die vrolike man*.

- Dit is rondom ’n **selfstandige naamwoord** (ook bekend as ’n "naamwoord") gebou.
- Wat beteken dit? Dit beteken die belangrikste woordsoort in die frase (sinstuk) *die vrolike man* is die **selfstandige naamwoord** *man*, ’n **woordsoort** wat ’n **naam** vir iets gee.
- Die frase *die vrolike man* is met ander woorde nié logies sonder die selfstandige naamwoord nie: **[Die vrolike] [sing kliphard].*

## Het jy geweet?



’n Frase of ’n stuk van ’n sin wat rondom ’n selfstandige naamwoord gebou is, word ’n "naamwoordstuk" genoem?

Soms kan hierdie frase net uit ’n enkele selfstandige naamwoord bestaan, byvoorbeeld "**[Jerome]** [{sing} {kliphard}]". Ons noem die frase dan steeds ’n "naamwoordstuk".

Die voornaamwoord staan in die plek van só ’n frase wat rondom ’n naamwoord gebou is.

- *[Die vrolike man] sing kliphard.*

<

*[Hy] sing kliphard.*

# (2) Waarom word voornaamwoorde gebruik?

Die volgende vraag is **waarom** ons ’n voornaamwoord in die plek van so ’n frase sal wil gebruik. Daar is ’n paar redes hiervoor.

### 2.1 Om direk te verwys

Soms is die mens/dier/plant (lewende entiteit) of die ding (nielewende entiteit) teenwoordig daar waar ek nou is. Dit is met ander woorde in die **gespreksituasie** teenwoordig. Ek kan dus met my vinger na hierdie lewende of nielewende entiteit verwys.

In plaas daarvan om ’n frase wat rondom ’n selfstandige naamwoord gebou is, te gebruik, soos *die boom*, kan ek die voornaamwoord *dit* gebruik om **direk of regstreeks** na die boom te verwys.

*[**Dit**] het ’n dik stam.*



Kyk na die twee sinnetjies hier onder. Kan jy sien dat die voornaamwoord *dit* op dieselfde plek binne my sin staan waar die frase *die boom*, wat rondom die selfstandige naamwoord *boom* gebou is, sou staan?

*[**Dit**] het 'n dik stam.*

*[**Die boom**] het 'n dik stam.*

**2.2 Om na iets te verwys waaroor ek reeds gepraat of geskryf het**


Die persoon wat praat of skryf, wil soms 'n lewende entiteit soos 'n boom aan die persoon wat luister of lees, bekendstel. Hiervoor gebruik die spreker of skrywer 'n frase wat rondom 'n selfstandige naamwoord gebou is, soos *die boom*.

*[**Die boom**] het 'n dik stam.*

Die voornaamwoord kan hierna gebruik word om na dieselfde boom te verwys. Dit help dat woorde nie onnodig herhaal hoef te word nie.

*[**Die boom**] het 'n dik stam. **Dit** (= die boom) is baie oud.*

Hierdie proses kan met 'n prentjie voorgestel word.




Die voornaamwoord verwys egter nie direk of regstreeks na die boom soos by (2.1) nie, maar **onregstreeks**. Kyk mooi na die pyltjie hier bo. Die voornaamwoord

verwys na dieselfde boom as die frase *die boom* deur 'n skakeltjie met die frase *die boom* te vorm.

As jy 'n **leser** is en jy kom 'n voornaamwoord teë wat só gebruik word, sal jy terug moet gaan in die sin na die frase wat rondom 'n naamwoord gebou is, want hierdie frase spesifiseer hoe die voornaamwoord geïnterpreteer (verstaan) moet word.

## Wat lei ons af?



By (2.1) en (2.2) word aangedui dat 'n voornaamwoord as 'n **leidraad** gebruik word – 'n teken vir die leser of die hoorder dat die betekenis van die voornaamwoord óf in die gespreksituasie (daar waar jy nou is) óf in die teks wat jy lees of waarna jy luister, vasgestel moet word.

### 2.3 Om te verwys na iets onbekend of baie algemeen

Somtyds wil ons verwys na 'n mens/dier/plant (lewende entiteit) of 'n voorwerp (nielewende entiteit), maar ons **kan nie of wil nie spesifiseer** van watter tipe mens/dier/plant/ding ons praat nie. In so 'n geval kan 'n voornaamwoord soos *iemand* of *iets* gebruik word. (Dit staan dan in die plek van 'n frase, soos *'n persoon*, *'n ding*, *dinge*.)

*Ek ken [**iemand**] wat ek heeltemal kan vertrou.* [Die skrywer/spreker wil dalk nie aandui wie hy vertrou nie.]

*[**Iets**] het my gebyt.* [Die skrywer/spreker weet waarskynlik nie wat hom gebyt het nie.]

Ander kere wil jy dalk 'n opmerking maak wat betrekking het op 'n groot versameling mense sonder om 'n spesifieke mens of groep mense uit te sonder. In so 'n geval kan spesifieke voornaamwoorde gebruik word. (Dit staan dan in die plek van 'n frase, soos *mens* of *'n mens*.)

*'n Mens weet darem nie wat [**jou**] te doen staan nie.*

*In Limpopo kry [**hulle**] lekker warm in die somer.*

Ander kere het jy dalk ’n spesifieke persoon of groep mense in gedagte en jy wil wys dat hierdie groep mense **bestaan** sonder om doelbewus direk na hulle te verwys. In so ’n geval kan die voornaamwoord *hulle* gebruik word. (Dit staan dan in die plek van ’n frase, soos *’n spesifieke groep mense*.)

*[**Hulle**] het nuwe verkeerskameras geïnstalleer.*

**Bron**: VivA se Afrikaanse Skoolgrammatika en Algemene Afrikaanse Grammatika